

Deel vandag 'n storie!

# Wêrelddag vir Hardop Lees saam met Na'ibali



Stories is kragtig! *Die laaste minuut* is geskryf deur die bekroonde skrywer, Zukiswa Wanner, en geïllustreer deur die gewilde Suid-Afrikaanse strokiesprentkunstenaar, Rico. Lees dit hierdie Wêrelddag vir Hardop Lees, 1 Februarie 2018, vir die kinders in jou lewe.



## 5 aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees

1. Lees die storie, *Die laaste minuut*, op bladsye 2 en 3 vir jou kinders en ander kinders. Oefen 'n paar keer om dit hardop te lees voordat jy dit vir die kinders lees, en onthou om met uitdrukking in jou stem te lees.
2. Voordat jy die storie lees, vra jou kinders of hulle al ooit sokker gespeel het, al na 'n sokkerwedstryd gaan kyk het, of een op TV gekyk het. Moedig hulle aan om hul ervarings met jou te deel.
3. Nadat jy die storie gelees het, moedig jou kinders aan om dit te interpreteer deur hulle te vra om 'n prent van hul gunstelingdeel van die storie te teken of te verf.
4. Reël 'n Ontmoet-'n-Storie-Oggend op Wêrelddag vir Hardop Lees, of oor 'n naweek. Nooi die kinders om dit saam met hul ouers by te woon. Stel hulle bekend aan boeke wat jy weet goeie boeke is om hardop te lees deur vir hulle uit hierdie boeke voor te lees.
5. Maak jul eie plakkate vir 2018 se Wêrelddag vir Hardop Lees om bewustheid te skep vir die belangrikheid van hierdie dag. Knip saam met die kinders letters en prente uit tydskrifte en koerant, teken prente, skryf jul eie woorde en sinne, en laai prente van die Na'ibali-webwerf af (gaan na "Story supplies" by [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)). Skep jul eie slagspreuke of gebruik ons s'n – Deel vandag 'n storie!



## 8 voordele van hardop lees

As jy vir jou kinders hardop lees:

- wys jy hulle dat jy waarde heg aan boeke en lees.
- gee dit julle dinge om oor te gesels.
- bou dit 'n band tussen julle.
- stel dit hulle in staat om lees as 'n bevredigende aktiwiteit te ervaar.
- motiveer dit hulle om self te leer lees, en om dan aan te hou lees.
- wys jy hulle hoe ons lees, en hoe boeke werk.
- laat jy hulle stories geniet wat bo hul huidige leesvermoë is.
- ontwikkel hulle woordeskatt en taalvermoëns.



## Hoe om betrokke te raak

Gaan na [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) om jou gesin, leesklub of skool in te skryf en help om hierdie die grootste byeenkoms vir Wêrelddag vir Hardop Lees in Suid-Afrika te maak!

# Die laaste minuut

Storie deur Zukiswa Wanner

Illustrasies deur Rico

Vertaal deur Anita van Zyl

"Ek gaan vandag twee doele skop, Pa," sê Neo terwyl hy sy sokkerstewels aantrek.

"En ek sal help deur nog drie doele by te voeg, Oom," sê Priya, wat pas saam met haar kleinboet, Rahul, by Neo se huis aangekom het. Rahul dra sy helderrooi vuvuzela.


Neo se pa lag. "Wel, dan sien ek uit daarna om vyf keer hoera te skree!"

"Ek ook, Oom! Kan ek ook hoera skree?" vra Rahul.

"Natuurlik, Rahul," sê Neo se pa terwyl hy vir Mbali help om haar skoene aan te trek. "Kom laat ons gaan!"

Hulle klim almal in die motor. Neo sit voor. Hy het al baie voor gesit. Hy is seker as sy pa hom sal toelaat, wanneer sy bene lank genoeg is, sal hy die motor kan bestuur. Dit lyk maklik. Rahul en Priya sit agter met Mbali tussen hulle. Hulle kielie haar en sy giggel.


Sommer gou is hulle by die sokkerveld. Hulle is net betyds sodat Priya en Neo saam met hul spanmaats van die Maqhawe-sokkerklub kan opwarm. Hulle speel vandag teen die Diamond-sokkerklub.



"Onthou om seker te maak dat julle vandag daardie Diamond-span onder die stof speel sodat hulle ná die wedstryd hul naam moet verander na die Steenkool-sokkerklub," sê hul afrigter.

Toe is dit tyd vir die spelers om op die veld te draf. Die skeidsregter blaas sy fluitjie en die wedstryd begin.

Eers is daar min aksie, maar dinge kom gou aan die gang. Daar is 'n groot lawaai soos albei spanne se families juig en skree. Die bal is vir 'n rukkie in Maqhawe se gebied, en net toe dit lyk of hulle dit in Diamond se helfte gaan kry, steel een van daardie spelers weer die bal voor hulle weg! Tot halftyd verloop die wedstryd so.



"Ek's verveeld! Julle het belowe julle gaan doele skop," sê Rahul vir Neo en Priya toe hulle kantlyn toe kom.

"Ja. Mbali soek doele, Mbali soek doele," herhaal Mbali. "Mbali wil slaap," voeg sy met 'n gaap by. Neo en Priya lag net en hardloop terug na hul spanmaats.



Deel vandag 'n storie!



Die fluitjie blaas en die spelers draf op die veld vir die tweede helfte. Die wedstryd verloop soos in die eerste helfte ... tot daar net een minuut oorbly!

Neo het die bal. Hy kyk rond om te sien of enigiemand van die Diamond-span naby hom is. Nee, hy's alleen. Hy hardloop vorentoe en dribbel die bal. Skielik verskyn een van die Diamond-spelers. Neo kyk hom reg in die oë terwyl hy die

bal tussen die ander speler se bene deur skop. Die toeskouers gil van opgewondenheid.

Nog een van die Diamond-spelers probeer vir Neo keer. Neo gee vinnig die bal na Priya toe uit.

Almal hou asem op toe Priya die bal kry en dit hard skop. *LADUMA!* Die doelwagter van die Diamond-span het nie eens die bal sien kom nie! Priya het 'n doel geskop.



En nie 'n oomblik te gou nie. Net toe sy omdraai om die doel te vier, blaas die skeidsregter die eindfluitjie! Maqhawe het die wedstryd gewen!

Neo is so bly dat hy na Priya toe hardloop en haar optel!



Saam hardloop hulle na hul spanmaats en die afrigter langs die veld, en toe *dab* almal. Priya en Neo hardloop na Neo se pa toe. Rahul blaas hard op sy vuvuzela.

"Dit was 'n vertoning wat roomys verdien, Priya en Neo," sê Neo se pa. "Sal ons twee helde daarvan hou?"

"Ja! Ons hou van roomys," antwoord Mbali namens hulle. Almal lag.

Neo tel vir Mbali op en dra haar toe hulle gaan roomys koop. Hy het dalk nie die twee doele geskop wat hy wou nie, maar hy het sy beste maat gehelp om die wendoel te skop! En Priya? Sy is gelukkig, want dit is haar heel eerste doel vir Maqhawe. Die geluid van Rahul se vuvuzela is soos pragtige musiek wat net vir haar gespeel word.





## Maak 'n kenteken!

1. Sny op die rooi stippellyn om die kenteken uit te knip.
2. Kleur die prent in.
3. Sny 'n sirkel wat net so groot soos die kenteken is uit dun karton – gebruik byvoorbeeld 'n graankosboks.
4. Gebruik gom om die kenteken op die karton vas te plak.
5. Gebruik kleefband of maskeerband om 'n haakspeld aan die agterkant van die kenteken vas te plak. Of maak 'n gaatjie aan die bokant en ryg 'n stukkie wol of tou daardeur sodat jy dit om jou nek kan hang.
6. Geniet dit om jou kenteken te dra terwyl julle stories lees en daarna luister op Wêrelddag vir Hardop Lees.

Stuur vir ons foto's van jou kinders met hulle kentekens vir Wêrelddag vir Hardop Lees. Stuur dit per e-pos aan [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org) of deel dit met ons op ons Facebook-blad!

## Oor Nal'ibali

Nal'ibali (isiXhosa vir "hier is die storie") is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskuil regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê, sodat lees, skryf en die deel van stories – in al die Suid-Afrikaanse tale – deel van die daaglikse lewe word.



Kinders wat omring word deur gedrukte teks en hulle inleef in goeie stories in tale wat hulle verstaan, is meer nuuskierig, vol selfvertroue en gemotiveer om te leer. Hulle is meer geneig

om lesers te word en om goed te vaar in alle vakke op skool. Stories ontwikkel woordeskat, verbeter geheue en koester kinders se verbeelding.

Sedert 2012 werk Nal'ibali saam met verskeie vennote in die staat, burgerlike samelewing en besigheid om seker te maak elke Suid-Afrikaanse kind kry geleenthede om lief te raak vir boeke en stories. Ons stigtersvennote sluit in: die DG Murry Trust, PRAESA (Project for the Study of Alternative Education in South Africa) en Tiso Blackstar (voorheen Times Media). Deur voorspraak, opleiding en lees materiaal van hoë gehalte, help Nal'ibali om 'n nasie van lesers te bou.

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. **Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere:

[www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)

[www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)

[nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)

[@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)



Dit begin met 'n storie...